| 31 Januarie | NG Gemeente Kogelberg | 2025 |
|---|---|---|

# Eerste Gelui

## NUUS VANUIT DIE GEMEENTE



## SONDAG 2 FEBRUARIE SE EREDIENSTE

| 09:00 | 09:00 | 09:30 |
|---|---|---|
| **Hangklipkerk** | **Kuierkerk** | **Kleinmondkerk** |
| Ds. Theuns Henn | Ds. Heinrich Carstens | Ds. Kirsten Small |
| Lukas 4:21-30 | Lukas 4:22-30 | Lukas 4:16-30 |

DRAERS VAN | VERSKILMAKERS MET | AMBASSADEURS VAN

LIG | DEERNIS | HOOP

NG GEMEENTE KOGELBERG

ROOIELS | PRINGLEBAAI | HANGKLIP | BETTYSBAAI | KLEINMOND | ARABELLA


2 Februarie 2025
Kuierkerk @ 09:00
Eerste Laan, Kleinmond
Heinrich Carstens
Die timmermanseun preek...
kan jy dit glo?
En hoe ons sy preek kan leef elke dag
Lukas 4:22-30


Jesus
Lukas 4:21-30
Dit is 'n baie interessante teks
Hangklipkerk
Pillansiaweg
Bettysbaai
02 Februarie 2025
09:00
Ds. Theuns Henn


09:30 - Kleinmondkerk - Kirsten Small
Die Genade van GOD
Hoe leef ek dit?
02 Februarie 2025- Lukas 4:16-30

Gebruik gerus die SnapScan-opsie om jou offergawe te gee.

## DEUROFFERS

Die deuroffers hierdie week is vir die Arbeidsbediening. Op 9 Februarie is dit vir **Sinodale Arbeidsbediening.**

## Program vir die week

| | | |
|---|---|---|
| **Saterdag 1 Februarie** | **08:30** | Eko-bediening: Skoonmaakdag |
| **Maandag 3 Februarie** | **18:00** | Kuierkerk Wyksraad |
| **Dinsdag 4 Februarie** | **09:00** | Gebedsgroep Hangklip |
| | **16:30** | Gebedsgroep Kleinmond |
| | **18:00** | Bid vir Sendelinge |
| **Woensdag 5 Februarie** | **09:00** | Normaalklas vir Vrouebybelstudie |
| | **11:00** | Kleinmondkerk Wyksraad |
| | **15:00** | Hangklipkerk Wyksraad |
| | **17:00** | Hangklip Bybelskool |
| | **18:00** | Meditasiediens |
| **Donderdag 6 Februarie** | **06:00** | Mannegroep Hangklip |
| | **15:00** | Senior Burgers |
| **Vrydag 7 Februarie** | **05:55** | Mannegroep Kleinmond |
| | **10:00** | Herdersbyeenkoms |

## Innige simpatie aan..

*Anna Olivier (BB1b) met die afsterwe van Francois.*

## Gedenkdienste...

*Werner Coetzer - DV Saterdag 1 Februarie om 09:00 by Kleinmondkerk.*
*Francois Olivier - DV Saterdag 1 Februarie om 11:00 by Hangklipkerk.*

# Welkom

# Nuwe Intrekkers

**Hendrik Stephanus Coetzer van Potchefstroom-Grimbeekpark (HK)**

**Adriaan Jacobus en Wena van Wijk van Wellington (KP1)**

**William Benjamin en Susanna Margaretha Downing van Gansbaai (Ba2)**

**Johannes Marthinus en Ronel Acker van Onrusrivier (KB6)**

**Pieter Charles en Louise Groenewald van Helderberg (Ba2)**

**Johannes Gysbertus Roos en Catharina Gertruida Bornman van Skeerpoort (BB5)**

**Deon en Anna Cornelia Nieuwoudt van Pretoria-Oosterlig (BB2)**

**Gerrit Nieuwoudt van Malelane (Sa2)**

**Hendrik Gustav en Christina Glaudina Marx van Secunda-Oos (BB2)**

**Albertus Thomas, Maria Johanna Elizabeth Bezuidenhout en hul seun Albertus Thomas Bezuidenhout van Lichtenburg-Oos (PM2)**

**Wilhelmina Frederika Nortjé van Bronkhorstspruit (Ba3)**

**Freda Botha van Arcadia (KB5)**



**Wêreldvleilanddag: 2 Februarie 2025**

Vleilanddag word jaarliks wêreldwyd op 2 Februarie gevier om die belangrikheid van vleilande te beklemtoon. Vleilande speel 'n belangrike rol om water op te gaar, water te suiwer, vloede te beheer en is 'n belangrike habitat vir 'n ryk verskeidenheid voëls,
diere, visse en plante. Dit is een van die mees bedreigde habitatte,
meer as 50% van Suid-Afrika se vleilande is reeds vernietig.

Ons is bevoorreg om in die Kleinmond- Botriviervleiland een van die 10 belangrikste kusvleilande in Suid-Afrika te hê wat ook beskerming onder die Ramsarkonfensie geniet. Hier is al 41 visspesies opgeteken waarvan 19 afhanklik is van riviermondings om hulle lewenssiklus te voltooi. Ons vleiland dien as belangrike broeiplek en voedingsbron vir die visbevolking vanaf Kaap Agulhas in die Ooste tot by Kaappunt in die Weste.
Om ons deel tot die dag by te dra gaan ons ***Saterdag 1 Februarie vanaf 08:30 die strandmeer en omgewing skoonmaak.***

**SATERDAG**
**8 FEBRUARIE om 08:00**

Ons benodig hulp met die opruim en skoonmaak van die verskillende stoorruimtes by die Kerksaal.
Indien jy beskikbaar is en bereid is om te help - sien ons jou daar!
***Vele hande maak ligte werk.***



## Besprekings

Kontak vir Joke by die Kerkkantoor (028 271 3470) vir enige **besprekings** vir die Kerksaal, Kerkgebou of Gemeentesentrum.

# 'n Veilige plek om heengegaandes te onthou

Fanie Krige

Die talle blomme op die Muur van Herinnering by Kleinmondkerk het my diep getref tydens ‘n besoek vandeesweek. Dit het my laat besef hoe gedenkpraktyke die afgelope paar dekades ontwikkel het, veral met die groeiende voorkeur vir verassing bo tradisionele begrafnisse.

My grootouers het nog grafte, en ek besoek hulle gereeld. Hierdie reise bring ryk herinneringe terug. My ouers se as is egter in die see gestrooi, en vir hul kleinkinders en agterkleinkinders is daar nog nie 'n gedenkplaat teen 'n muur om te besoek nie. Ek en my sibbe sal 'n plan moet maak ...

Vandag vervul gedenkmure die behoefte aan 'n toegewyde ruimte om diegene wat veras is, te vereer en te onthou. Hulle bied 'n veilige en vreedsame plek vir die bedroefdes om te besoek en hulde te bring. Hierdie mure bied 'n fisiese plek waar gesinne en vriende kan bymekaarkom om hul geliefdes op spesiale dae te onthou. Die grafsteen van die begraafplaas het nou 'n gedenkplaat voor 'n nis geword, maar dit bly 'n belangrike rekord van die oorledene se naam, geboorte- en sterfdatums, en soms 'n persoonlike boodskap of simbool.
Wie ook al met die idee van 'n gedenkmuur vorendag gekom het, het 'n beduidende bydrae tot ons kulturele en gesinslewe gelewer. Die een by ons kerk is besonder spesiaal, teen 'n agtergrond wat min ander plekke kan bied.











# Kom help asb. om ons omgewing skoon te hou!

**Saterdag, 1 Februarie 2025**

Ons maak Saterdag die **STRANDMEER en OMGEWING** skoon.

Die teikengebied is die strandmeer, die ontspanningsarea en die kanaal.

Datum & tyd: **Saterdag, 1 Feb. 2025** om **8.30 – 10.00**

**Plek**: Ons ontmoet mekaar op die parkeerarea by die **STRANDMEER**.

Ons voorsien sakke, handskoene en penne.
As jy handskoene en waterskoene het, bring asb. saam.

Vir navrae kontak Carlo van Rensburg by 082 840 8148.

# Kursus
## 'Gawes van die Gees"
## Ontdek jou plek in God se plan



*Aan elkeen van ons is 'n genadegawe gegee volgens die mate waarin Christus die gawes uitgedeel het.*
*Ef. 4:7*

*Elkeen van hulle vervul sy funksie, en so bou die liggaam homself op in liefde.*
*Ef 4:16*

Wanneer & waar?

**Saterdag 8 Februarie 2025**
Hangklipkerk
**08:00-12:00, 14:00-16:00**
*Verversings en lekker gesels tussen sessies*

Skakel ds Leopold vir meer inligting: 082 707 0676






GEMEENSKAPSGERIGTE

# GHOLFDAG

# NG GEMEENTE KOGELBERG

# 2025

## *WEN R50 000!!!

**14 MAART**

**2025**

**REGISTREER**

info@ngkogelberg.co.za

Kleinmond Gholfbaan

*HOLE-IN-ONE KOMPETISIE T&V GELD.

**R400 PP SHOTGUN START @ 10:00**

# REIS OM DIE WÊRELD



**VRYDAG**

**21 MRT**

# KUIER & -KOSMARK

met *basaarpoeding*



**KOS | KOFFIE | KOEK & KUIER**


NG Gemeente Kogelberg bied aan...
Paasspel 2025
Jerusalem! Jerusalem!
Regie deur Arina Greeff | Musiek deur Thinus Ries
10, 11 en 13 April 2025 18:30 vir 19:00
Kleinmondkerk, Vierde Laan 67
Gratis kaartjies kan by die kerkkantoor in Vierde Laan afgehaal word
Vrywillige bydraes sal waardeer word

## 1 Februarie

Hermann du Bois (BB6)
Fanie Fourie 083 350 3256 (BB3)
Mardalene Gresse 076 934 9708 (Sa2)
Piet Groenewald 072 268 9829 (HK2)
Annemart Heim 084 455 5066 (PB2a)
Susan Janse van Rensburg (BB2)
Kobus Louw 082 881 2892 (BB3)
Wida Nieuwenhuis (Bb 3)
Thea Rademeyer 072 463 9567 (Ba3)
Wilna Swart 083 333 6810 (BB1B)
Chris van der Westhuizen 082 864 3522 (KB2)

# Veels Geluk!

## 2 Februarie

At Bouwer 082 853 8315 (Sb1)
De La Rey Calitz 082 664 3071 (KB1)
Regardt Heidmann 079 736 4505 (Sb1)
Karin Potgieter 083 625 5420 (BB4)
Jannie Viljoen 084 589 7444 (HK3)

## 3 Februarie

Roelie Cronje (Sb3)
Tiaan de Wit (PM1)
Hettie Delen 082 446 6801 (KB5)
Hillie Schultz 082 927 3641 (Ba3)
Susan van Rooyen 083 356 1174 (KB2)

# Verjaarsdae

## 4 Februarie

*Frikkie Borman (PB1)*
*Paul de Reuck 082 828 1742 (BB2)*
*Tienie du Plessis 083 453 4137 (RE)*
*Harry Mostert 083 708 5070 (Ba2)*
*Tokkie Mouton 076 787 4621 (BB1A)*
*Marquerite van Eeden 072 483 5180 (Sa3)*

## 5 Februarie

*Johan Calitz 082 826 0900 (KB1)*
*Alta Hougaard 072 369 2486 (Sa3)*
*Clarise Kotze (Sa4)*
*Miemmie Strydom 060 998 4210 (KB6)*

## 6 Februarie

*Isabella Meisenholl 083 325 2295 (BB2)*

## 7 Februarie

*Chris-Marí Barnard 083 448 9106 (KB5)*
*Kathleen Joubert 072 394 9737 (Sc3)*
*Alida Muller 082 563 7692 (RE)*
*Tallie Taljaardt 082 822 6564 (KB1)*
*Gert van der Linde 082 765 6659 (Sa3)*
*Cecilia van der Vyver 083 258 6863 (Ba2)*

DRAERS VAN | VERSKILMAKERS MET | AMBASSADEURS VAN
LIG | DEERNIS | HOOP
NG GEMEENTE KOGELBERG
ROOIELS | PRINGLEBAAI | HANGKLIP | BETTYSBAAI | KLEINMOND | ARABELLA

GESPREKSBLAD VIR GROEPE
SONDAG 2 FEBRUARIE 2025



# Die timmermanseun preek in die sinagoge... kan jy dit glo?

Lukas 4:22-30

**1. Gesels bietjie saam...**

- Waarvan hou jy die meeste van die dorp of stad waar jy grootgeword het? Gesels met mekaar en deel ook dit waarvan jy nie gehou het in jou grootworddorp of -stad nie.
- Woon jy graag skoolreünies by? Hoekom of hoekom nie? Waarom - dink julle - is dit vir sommige mense 'n slegte ervaring?
- As jy 'n reünie bywoon, wat sal maak dat mense dink jy het dit 'gemaak' in die lewe?

**2. Ons storie nou...**

- Jesus kom 'preek' in die dorp waar Hy grootgeword het. Hoe dink jy het die mense wat saam met Hom grootgeword het na Hom gekyk? Van die rabbis het waarskynlik vir Hom klas gegee toe Hy 'n kind was. Wat vermoed jy het hulle van Jesus gedink?
- Wat dink julle wou Jesus vir hulle wys?

**3. God se storie...**

- Lees nou weer die teksgedeelte van Lukas 4:14-30 eenmaal rustig saam deur en lees dan weer Lukas 4:22-30 saam waarop ons hierdie week fokus.
- Noem enige iets uit die gedeelte wat jou geraak het. Of enige vrae wat jy nou het. Deel met mekaar wat jou ook in Sondag se eredienste oor hierdie teks geraak het.
- Waar het Jesus sy gesag gekry? Lees Lukas 3:21, 4:1, 4:14 en 4:18.
- Wat was die mense se verwagting van die Messias? Hoekom het Jesus - volgens hulle - nie aan hierdie verwagting voldoen nie?
- Hoekom word hulle so kwaad nadat Hy hulle aan die spreekwoord herinner in vers 23? Waaraan herinner Jesus-hulle in vers 25-27?
- Wat is - volgens Jesus - die taak van die kerk (en van ons) volgens vers 18 en 19?
- 'n Profeet is nie 'n toekomsvoorspeller nie, maar moet God se boodskap aan mense oordra. Hoekom is profete dan nie altyd gewild nie?
- Wie is die 'heidene' na wie toe God ons vandag stuur?
- Ons hou nie altyd daarvan as God vir ander mense genade bewys nie. Hoekom nie?

**4. Hoe die Bybel ons storie verander...**

- Hoekom is dit vir ons so moeilik om te aanvaar dat almal nie altyd van ons gaan hou? Hoe moet ons reageer wanneer mense vir ons kwaad is wanneer ons die Here se boodskap uitdra?
- Hoe moet ons gevoelens van verwerping hanteer?
- Waarheen (na wie toe) stuur die Here ons die week?
- Plaas jouself vir 'n oomblik daar in Kapernaum die dag. Hoe dink jy moet jy op hierdie boodskap van Jesus reageer?

**Ons lees dié week uit die Woord...**

Lees gerus die volgende teksgedeeltes solank uit die Woord en oordink dit hierdie week met die oog op Sondag 9 Februarie se eredienste waar ons fokus op Lukas 5:1-11:

- Maandag 3 Februarie - Lukas 4:14-30
- Dinsdag 4 Februarie - Jesaja 6:1-13
- Woensdag 5 Februarie - Psalm 138
- Donderdag 6 Februarie - 1 Korintiërs 15:1-11
- Vrydag 7 Februarie - Lukas 5:1-11
- Saterdag 8 Februarie - Lukas 5:1-11